# Werkkaart 2015-8𝓐A-00007(4)

**GEEN SAKREKENAAR MAG IN HIERDIE OEFENING GEBRUIK WORD NIE!**

(1) 24 is ′n gemeenskaplike veelvoud van twee getalle. Die produk van die twee getalle is 32. Wat is die twee getalle?

(2) Die vierkantswortel van ′n sekere getal is dieselfde as dubbel die vierkant van 2. Wat is die getal?

(3) $2^3 . 3^2$ is die priemfaktore van M. Watter getal is M?

(4) Is die volgende bewerings waar of vals?

(a) Alle natuurlike getalle is ook telgetalle?

(b) Die grootste veelvoud van 12 is 144.

(c) Die faktore van 9 is 1; 3 en 9.

(d) 15 is 'n saamgestelde getal.

(e) Die KGV van 12 en 15 is 3.

(f) $((2)^2)^2 = (2)^4$

(5) (a) Die temperatuur is 3˚C. Dit styg deur die dag met 7˚C en daal dan daarna weer met 11˚C. Wat is die temperatuur nou?

(b) Jy skuld jou ma R40. Jy leen egter weer 'n verdere R35 voordat jy R70 terugbetaal nadat jy sakgeld verdien het. Is al jou skulde by jou ma vereffen? Indien nie, hoeveel skuld jy haar nog?

(6) As $\sqrt{121 + x} = 13$, bepaal die waarde van $x$.